higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N430**(A)**(M24)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

(20060116)

24 Mei 2019 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing in KOLOM A wat by 'n term in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Behandel emosionele probleme	A	tydsoriëntering
1.1.2	Kan die seisoen aandui	B	VLHE (‘ELRU’)
1.1.3	Akroniem vir Vroeëleer-hulpmiddeleenheid	C	die eienskap: kleur
		D	groot motoriese aktiwiteit
1.1.4	Kan tussen fantasie en die werklikheid onderskei	E	Maria Montessori
1.1.5	Aantoon van rooi voorwerpe buite die skool	F	ruimtelike oriëntering
		G	absorberende verstand
1.1.6	Gee 'n kind 'n drukkie as beloning	H	fyn motoriese aktiwiteit
1.1.7	Gebruik pennetjies en tandestokkies om speeldeeg te ontwerp	I	positiewe versterking
		J	sielkundige
1.1.8	As kinders hulleself leer	K	Dina Stachel
1.1.9	Skool het in 1907 geopen; Casa Dei Bambini	L	lateraliteit
		M	emosionele ontwikkeling
1.1.10	Voltooi 'n legkaart oor liggaamsdele	N	NRO
		O	psigiater

(10 × 1) (10)

1.2 Dui of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling as dit ONWAAR is.

1.2.1 Die konsep van datahantering behels dat data op verskeie maniere ingesamel en georganiseer word.

1.2.2 Maria Montessori het 5 belangrike, sensitiewe tydperke van geboorte tot ses jaar onderskei.

1.2.3 As 'n kind in die openbaar 'n woedeaanval kry, moet mens die kind sy gang laat gaan.

1.2.4 Die aanduiding van voorwerpe sluit die eienskappe van tekstuur en massa in.

1.2.5 Die doel van dissipline is om die kind se samewerking te kry.

1.2.6 Kinders kan die standaardmaateenhede vanaf 3-jarige ouderdom suksesvol gebruik.

1.2.7 Bandura se waarnemingsteorie stippel die nabootsing van gunstige gedrag uit.

(10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 As 'n kind gereed is om van sy ouers geskei te word, is dit 'n teken van:

A Motoriese ontwikkeling
B Perseptuele ontwikkeling
C Kognitiewe ontwikkeling
D Emosionele ontwikkeling

1.3.2 Medikasie kan 'n kind se gedrag beïnvloed omdat dit:

A noodsaaklike vitamines en minerale laat verminder
B die kind hiperaktief kan maak.
C die balansorgane laat herstel.
D die korttermyngeheue aanvul.

1.3.3 As 'n voorskoolse kind in staat is om reëls te gehoorsaam, dui dit op:

A sosiale ontwikkeling
B motoriese ontwikkeling
C kognitiewe ontwikkeling
D emosionele ontwikkeling

Kopiereg voorbehou

Kopiereg voorbehou

1.3.4 Die belangrikste 2 bronne vir die befondsing van KKO in Suid-Afrika is die Departement van Basiese Onderwys en die:

A Departement van Sosiale Ontwikkeling
B Departement van Gesondheid
C Departement van Sosiale Geregtigheid
D Departement van Landbou

1.3.5 Die brein se vermoë om met die buitewêreld te konnekteer, word visuele ... genoem.

A preservering
B geheue
C waarneming
D onderskeiding

1.3.6 Gluten verwys na …

A 'n proteïen wat in koring en gars voorkom
B 'n koolhidraat
C 'n vitamien wat in sitrusvrugte voorkom
D 'n mineraal

1.3.7 Die vermoë om tussen visuele ooreenkomste en verskille te onderskei, word visuele ... genoem.

A preservering
B geheue
C waarneming
D onderskeiding

1.3.8 'n Lyn wat nie reguit is nie en geen hoeke het nie, noem ons 'n ...

A enkelvoudige, geslote lyn
B oop lyn
C geboë lyn
D reghoekige lyn

1.3.9 Die vermoë om te onthou wat jy met jou oë gesien het:

A visuele preservering
B visuele geheue
C visuele waarneming
D visuele onderskeiding

1.3.10 Om deur 'n hindernisbaan of om hindernisse soos 'n skooltas, 'n houer of asblik te loop, verbeter die:

A Oog-voetkoördinasie en fyn motoriese vaardighede
B Oog-handkoördinasie en groot motoriese vaardighede
C Oog-voetkoördinasie en groot motoriese vaardighede
D Oog-handkoördinasie en fyn motoriese vaardighede

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.4 Bestudeer die volgende prente en dui aan watter vaardigheid met die aktiwiteit ontwikkel word.

Noem net EEN vaardigheid vir elke prent.

1.4.1 


Aktiwiteit: Kruip onder stoele deur

1.4.2 

Aktiwiteit: Trek 'n kind se lyf na

1.4.3 

Aktiwiteit: Gooi 'n bal met die regterhand

1.4.4 

Aktiwiteit: Kyk wat pas nie by die ander nie

1.4.5 

Aktiwiteit: Steek gare deur die oog van 'n naald

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 'Dissipline beteken om te leer wat om te doen, wanneer om dit te doen, en op watter manier dit gedoen moet word.'

2.1.1 Verduidelik die noodsaak van dissipline in kleinkindontwikkeling. (5 × 2) (10)

2.1.2 Noem VYF tegnieke waarmee versorgers met wangedrag kan klaarspeel. (5)

2.2 Mev Peters is 'n Graad 2-onderwyser by Eduplex Laerskool. Sy merk dat een van haar leerders, Nqobile, dikwels rusteloos is en sukkel om te konsentreer en te leer. Sy doen navraag en vind uit dat Nqobile slaapprobleme ondervind.

2.2.1 Adviseer mev Peters oor DRIE tekens van slaapprobleme by kinders. (3 × 2) (6)

2.2.2 Bespreek VYF maniere om kinders beter te laat slaap. (5 × 2) (10)

2.3 Onderskei tussen 'n *outoritêre ouer* en 'n *onbetrokke ouer*. (4)

2.4 Eetprobleme verskyn kleintyd reeds en kan tot in volwassenheid voortduur. Dit wissel van kieskeurigheid tot vetsug en anoreksie.

Verduidelik hoe versorgers hierdie probleem kan hanteer. (6)

2.5 Definieer die volgende terme:

2.5.1 Spraakterapeut

2.5.2 Fobie

(2 × 2) (4)

2.6 Noem VYF redes waarom kinders byt. (5)

[50]

VRAAG 3

3.1



'Ons moet die kind se begeerte na aktiwiteite bevredig; nie om hom te dien nie, maar om hom onafhanklik te maak.'

Maria Montessori

3.1.1 Verduidelik die VYF grondbeginsels van die Montessori-onderrigmetode. (5 × 2) (10)

3.1.2 Noem VYF belangrike eienskappe van 'n Montessori-onderwyser. (5 × 2) (10)

3.1.3 Ontleed jou kennis van die Montessori-metode. Sal jy ouers aanraai om hulle kinders by 'n Montessori-skool in te skryf? Gee DRIE redes om jou antwoord te staaf. (7)

3.2 Verduidelik VYF doelwitte van die Grassroots Trust vir Volwasse-onderwys en -opleiding. (5 × 2) (10)

3.3 Noem DRIE dienste wat Grassroots aanbied. (3)

3.4 'n Uitstappie word gesien as 'n kort plesierrit in die buitelug.

Noem VYF voordele van uitstappies. (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 4

4.1



'Onderwys is die magtigste wapen wat mens het om die wêreld te verander.'

Nelson Mandela

4.1.1 Noem VYF eienskappe wat by 'n kind op skoolgereedheid dui. (5 × 2) (10)

4.1.2 Beskryf die toets vir skoolgereedheid. (3)

4.2 Definieer die volgende terme:

4.2.1 Ruimtelike bewustheid

4.2.2 Middellyn

4.2.3 Lateraliteit

Kopiereg voorbehou

4.2.4 Oog-handkoördinasie

4.2.5 Fyn motoriese bewegings

(5 × 2) (10)

4.3



Mevrou Jansen het onlangs begin om vir haar Graad R-klas by die Prinsloo Laerskool stories voor te lees. Die leerders sien altyd baie uit na storietyd. Dan sit hulle in 'n kringetjie om haar en luister terwyl sy uit 'n storieboek voorlees. Sy speel partymaal 'n storie op CD aan haar haar klas voor, en dit geniet hulle nog meer. Daarna laat mevrou Jansen hulle die storie in hulle eie woorde oorvertel om te toets of hulle die storie verstaan het.

4.3.1 So betrek mevrou Jansen haar leerders by sowel aktiewe as passiewe taalontwikkeling.

A Definieer *aktiewe taalontwikkeling.*

B Definieer passiewe taalontwikkeling.

(2 × 2) (4)

4.3.2 Gee 'n voorbeeld van elke soort taalontwikkeling uit die gedeelte hier bo. (4)

4.3.3 Noem behalwe dié wat hier bo genoem word, TWEE aktiwiteite wat aktiewe taalontwikkeling en TWEE aktiwiteite wat passiewe taalontwikkeling bevorder. (2 × 2) (4)

4.4 Mens kan jou sintuie inspan om die inhoud beter te verstaan.

Noem DRIE aktiwiteite vir elk van die volgende:

4.4.1 Taktiele of tassinwaarneming

4.4.2 Reuksinwaarneming

4.4.3 Smaaksinwaarneming

(3 × 3) (9)

4.5 Die herkenning van patrone word as 'n wiskundige konsep onderrig.

Noem DRIE voordele hiervan in die algemene ontwikkeling van die kind. (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou